Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2015

# VISUELE KUNSTE V2

**PUNTE:** **100**

**TYD:** ONDERWERP 1 en ONDERWERP 2 word gedurende die 3de kwartaal begin en voltooi word: ŉ minimum van **6 uur** en ŉ maksimum van **24 uur** moet gebruik word. ONDERWERP 2 word onder gekontroleerde omstandighede SLEGS by die skool gedoen.

*IVISDM*

Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.
Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   ONDERWERP 1: BRONBOEK/WERKBOEK/JOERNAAL
   ONDERWERP 2: DIE KUNSWERK

2. Beantwoord ALLE vrae in ONDERWERP 1 en ONDERWERP 2.

3. Hierdie eksamen moet deur jou Visuele Kunste-onderwyser bekend gestel en gefasiliteer word.

4. In hierdie eksamen sal daar van jou verwag word om die volgende vaardighede te demonstreer:

   - Pas gevorderde benaderings onafhanklik en kreatief toe en genereer idees in reaksie op ŉ projekopdrag.
   - Demonstreer ŉ gevorderde mate van tegniese vaardigheid deur ŉ reeks materiale en tegnieke te gebruik.
   - Skep verbeeldingryke en innoverende kunswerke deur ŉ persoonlike en ekspressiewe visuele taal te gebruik.
   - Die vermoë om visuele en konseptuele probleme op te los in die skepping van verbeeldingryke en innoverende kunswerk, met die aanwending van ŉ persoonlike, ekspressiewe visuele taal.
   - Bestuur tyd en die werksproses doeltreffend en bied eie werk op ŉ professionele manier wat die ekspressiewe en konseptuele impak van die werk versterk.

5. Jou voorbereidende visuele kunste praktiese eksamen vir graad 11 verteenwoordig een van die toppunte van jou Visuele Kunsstudies hierdie jaar.

   Jou kreatiwiteit, oorspronklikheid en vaardighede sal op hoë vlak vertoon word. Mag jy dit geniet om hierdie kunswerk te skep en op ŉ vars en oorspronklike wyse jou persoonlike ervaring te laat weerspieël.

6. Lees die ADDENDUM met inligting aangaande die werkproses aan die einde van die vraestel.

## ONDERWERP 1: BRONBOEK/WERKBOEK/JOERNAAL

Die bronboek vorm ŉ belangrike gedeelte van hierdie eksamen. Jy mag by die skool sowel as tuis hieraan werk. Dit verskaf insig oor jou gedagtevorming/ idees/sieninge/menings en alternatiewe wat jy ondersoek het, sowel as ander prosesse wat aanleiding gee tot die finale werk. Jou bronboek behoort jou denkprosesse oor te dra.

**Hierdie bronboek MOET duidelik as eksamenstuk gemerk wees en afsonderlik van jou jaarwerk se bronboek aangebied word.**

Direkte kopiëring vanuit tydskrifte, internet, ens. is NIE toelaatbaar NIE. Direkte kopiëring van ŉ beeld wat nie jou eie is nie, **sal gepenaliseer word**. Dit is ŉ vorm van plagiaat en is onaanvaarbaar.

Groot klem word op die proses van transformasie (verandering) van die bronmateriaal geplaas.

As jy geskikte, ontleende beelde moet gebruik, moet jy dit met jou eie, oorspronklike beelde kombineer om jou eie interpretasie te ontwikkel.

Die bronboek is deel van jou kreatiewe reis tot die ontwikkeling van die finale werk en behoort jou eie oorspronklike beelde te reflekteer om jou eie interpretasie te ontwikkel.

**Die volgende is slegs ŉ riglyn van dinge wat jy in jou bronboek kan insluit:**

- Hierdie eksamenopdrag moet voor in jou eksamenbronboek geplak word.
- Sluit ten minste EEN geskrewe bladsy van jou voorneme/rasionaal in.
- Sluit minstens VIER bladsye van ondersoek en navorsing vir moontlike benaderings en/of idees in, waarby ingesluit moet wees bronmateriaal soos sketse, tekeninge, foto's, beelde, aantekeninge en navorsing wat jou geïnspireer het. Alle materiale moet verband hou met die ontwikkeling van jou werk en moet jou besluite staaf.
- Dit is belangrik om persoonlike en oorspronklike kreatiewe voorbereidende/komposisionele sketse en tekeninge te skep wat gebaseer is op jou aangeduide bronne.
- Sluit minstens TWEE komposisionele tekeninge/collages/assemblages in.
- Sluit ŉ geskrewe nabetragting in (minstens EEN bladsy) oor hoe jy jou projek ervaar, bestuur en voltooi het.
- As jou projek meer proses-georiënteerd is, sluit bewyse in van die kreatiewe proses, met deurlopende dokumentering met behulp van oorspronklike foto's, eksperimente en/of tekeninge.

Kopiereg voorbehou 

## ONDERWERP 2: DIE KUNSWERK

**Die eksamenwerk moet in die teenwoordigheid van die Visuele Kunste-onderwyser in die kunslokaal voltooi word, deur ’n minimum van 6 uur en ’n maksimum van 24 uur te gebruik.**

## RIGLYNE

1. Daar word van jou verwag om EEN kunswerk in die **praktiese dissipline van jou keuse vir die jaar** te produseer.

2. Jou werk mag aangebied word as ’n enkele stuk, of moontlik in die vorm van ’n diptiek, triptiek of ’n reeks werke wat as een kunswerk gelees word.

3. **Die kunswerk mag NIE uit die klaskamer verwyder word NIE. Dit sal as ’n eksamen-onreëlmatigheid beskou word.**

4. Jy mag die vraestel met jou Visuele Kunste-onderwyser bespreek voor die aanvang van die eksamen, maar geen bespreking van werk mag gedurende die eksamentyd plaasvind nie.

5. Daar is geen beperkings op grootte, maar dit moet hanteerbaar en duursaam wees met die oog op vervoer na ’n eksamensentrum, indien die provinsie dit vereis.

6. Onthou die belangrikheid van kunselemente en beginsels soos **lyn, vorm**, **kleur, tekstuur, toon, ruimte, ritme/beweging, balans, harmonie, verhouding, gradering, verskeidenheid en komposisie.**

7. Daar is geen spesifieke voorskrifte rakende die styl van die werk nie. Dit kan naturalisties, ekspressionisties, dekoratief, simbolies, abstrak, ens. wees.

8. Kies verbeeldingryke onderwerpmateriaal, temas, simbole en metafore om ’n ekspressiewe, emosionele, konseptuele of perseptuele kunswerk te skep.

9. Jy mag ander media inkorporeer om ’n werk in gemengde media te skep in enige van die praktiese dissiplines.

# "DROME"

Hierdie tema is veronderstel om te inspireer sodat dit jou kan help om ʼn wye interpretasie te verkry binne jou spesifieke dissipline. Jou interpretasie moet die hoogtepunt vorm van die kreatiewe proses waarmee jy in graad 10 begin het.

Hierdie tema kan beskrywend, simbolies of meer metafories. Deur gebruik te maak van jou navorsing materiaal, moet jy oorspronklike en kreatiewe oplossings vind om ʼn individualistiese/persoonlike interpretasie van **DROME** te skep.

Bestudeer die volgende definisie, kunswerke en interpreteer hul vir die inspirasie proses:

**DROOM 1a** Geestesaktiwiteit, gewoonlik ʼn verbeeldingsvlug oor ʼn reeks gebeure, wat tydens slaap plaasvind. **1b** (*as veranderlike): ʼn droomreeks*. **1c** *(in kombinasie): droomland.* ***2a*** ʼn reeks van verbeeldingsvlugte terwyl wakker; dagdroom, fantaseer. **2b** *(as veranderlike): ʼn droomwêreld.* **3** ʼn persoon of ding wat gesien of herhaaldelik in ʼn droom voorkom**. 4** ʼn gekoesterde hoop; aspirasie. **5** ʼn wanhopige hoop. **6** ʼn persoon of iets wat aangenaam of onwerklik soos ʼn droom is**. 7 gaan soos ʼn droom**, om goed te beweeg of goed te werk**.** ◊ ww. **drome, dromery, gedroom. 8** *(mag ʼn sinsnede as objek neem)* om ʼn droom (of drome) te ondergaan of te beleef. **9** *(intr)* om oor te gee aan dagdrome. **10** *(intr)* om aan waanbeelde te ly. Om onrealisties te wees. **11** (wanneer gevolg word deur, of dit gaan oor) ʼn beeld of fantasie in ʼn droom. **12** (intr; volg of) om die moontlikheid te oorweeg (van). ◊ byv. **13** Te goed om waar te wees; ideaal: *droom kombuis* of *droom* lied. Vw. "dromer"

[Definition, **Concise Dictionary, 21st Century Edition**]

**My dream, my future and my day**
*Lerato E. Montsi*
*Mount Fletcher*

I woke up this morning:
And looked out of the window;
The day was ahead of me,
An I was looking forward
To entering the day.

I woke up this morning:
My future was ahead of me;
I had to brighten up my future.
I had to make my dreams come true.

I woke up this morning:
I had to collect pieces of where I left yesterday;
To think of what the next day will bring.
But I had to make the day a road to the future
I saw my dreams coming true,

**My dream, my future and my day**, Lerato E. Montsi (ʼn vry vertaling na Afrikaans)

Die digter het die oggend wakker geword en by die venster uitgekyk. Die dag het voorgelê en die digter het uitgesien na die dag. Die digter het wakker geword en sy toekoms het voor hom gelê. Hy moes kyk na sy toekoms, hy moes dit ophelder en sy drome bewaarheid. Die digter het die oggend wakker geword en hy moes stukke gaan haal waar hy dit gister gelaat het. Hy moes dink wat die volgende dag sou bring. Maar hy moes die dag ʼn pad na die toekoms maak en hy sien sy drome bewaarheid word.

[Poem: *Isivivane,* Volume 2, Dept. of Sport, Recreation, Arts and Culture, Eastern Cape]

| **The good-morrow** | |
|---|---|
| I wonder, by my troth, what thou and I<br>Did, till we loved?  were we not weaned till then?<br>But sucked on country pleasures, childishly?<br>Or snorted we in the Seven Sleepers's den?<br>'Twas so; but this, all pleasures fancies be.<br>If ever any beauty I did see,<br>Which I desired, and got, 'twas but a dream of thee. | **morrow** – the next day<br>**by my troth** – in truth<br>**thou** – you<br>**wean** – stop a baby drinking only mother's milk<br>**snorted** – snored<br>**the Seven Sleepers** – legendary 7 Christian youths who slept in a cave for 200 years<br>**'twas** – it was<br>**but** – except for |
| And now good-morrow to our waking, souls,<br>Which watch not one another out of fear;<br>For love, all love of other sights controls,<br>And makes one little room an everywhere.<br>Let sea-discoverers to new worlds have gone,<br>Let maps to others, worlds on worlds have shown,<br>Let us posses one world, each hath one, and is one. | |
| My face in thine eye, thine in mine appears,<br>And true plain hearts do in the faces rest;<br>Where can we find two better hemispheres,<br>Without sharp north, without declining west?<br>Whatever dies was not mixed equally;<br>If our two loves be one, or, thou and I<br>Love so alike that none do slacken, none can die. | **hemisphere** – half of the earth<br>**decline** – sink downward<br>**slacken** – become less/loose |
| [Digter, **John Donne**] | |

**The good-morrow**: John Donne (ŉ vrye vertaling na Afrikaans)

Die digter wonder wat hy en sy geliefde gedoen het voor hul verlief geraak het. Hy vra of hulle nie gespeel (ŉ baba wat ophou moeders melk drink) was voor dit nie, maar kinderlik die plesier van die landelikheid ingedrink het. Of hulle gesnork het in die "Seven Sleepers's den"? Dit was so, maar alle plesier en begeertes en skoonheid wat hy gesien het en gekry het was ŉ droom van sy geliefde.

Op die goeie môre wat hul wakker word kyk hulle na mekaar sonder vrees. Want die liefde beheer wat hul sien. Die klein vertrek word enige plek. Die see-ontdekkers gaan na nuwe wêrelde, die kaarte wat aan ander nuwe wêrelde openbaar. Hy vra dan laat hulle slegs een wêreld moet besit, elkeen het een en is een.

Hy sê sy gesig is in sy geliefde se oog, en syne is in hare, en hul ware harte van eenvoud is in hul gesigte te sien. Waar kan ŉ mens dan beter halfrondes kry wat nie ŉ skerp noord het nie, ook nie ŉ afwaartse weste nie. Wat ook al sterf was nie in gelyke maat gemeng nie, hy se as hul liefde een is, dan is dit so dieselfde dat dit nie sal kwyn en ook nie doodgaan nie.

**Bespreking van die gedig.**

Die spreker se dat voordat hy en sy geliefde mekaar werklik liefhet, was hul soos babas slapende by hul moeder se bors. Alles wat hul geniet het was net hul verbeelding, behalwe vir hul ware liefde. In die tweede stanza roep die digter uit na die staat van bestaan. Hul liefde is so sterk dat hul seker is hul geliefdes sal tot niemand anders aangetrokke voel nie. Hierdie ondervinding verskaf alles wat hulle wil hê. Die spreker gee nie om dat ontdekkers nuwe wêrelde ontdek het nie, hulle is mekaar se wêrelde, saam besit hul een wêreld. Die geliefdes sien mekaar se gesigte in hul oë, en sien ook in mekaar se harte wat opreg is. Hul pas so goed bymekaar. Hul liefde sal nie sterf nie ook nie kwyn nie omdat dit in gelyke maat is. Deurlopend deur die gedig gee die spreker sy opgewonde opinie omtrent die spirituele ontdekking van die liefde.

[Poem, Love Poem for My Country, A poetry anthology for Grade 12, Dorothy Dyer, Maskew Miller]

**The Second Coming**

Turning and turning in the widening gyre
The falocon cannot hear the falconer;
Things fall apart; the centre cannot hold;
Mere anarchy is loosed upon the world,
The blood-dimmed tide is loosed, and everywhere
The ceremony of innocence is drowned;
The best lack all conviction, while the worst
Are full of passionate intensity.

Surely some revelation is at hand;
Surely the Second Coming is at hand.
The Second Coming! Hardly are those words out
When a vast image out of *Spiritus Mundi*
Troubles my sight: somewhere in sands of the desert
A shape with lion body and the head of a man,
A gaze blank and pitiless as the sun,
Is moving its slow thighs, while all about it
Reel shadows of the indignant desert birds.
The darkness drops again; but now I know
That twenty centuries of stony sleep
Were vexed to nightmare by a rocking cradle,
And what rough beast, its hour come round at last,
Slouches towards Bethlehem to be born?

[Digter, **William Butler Yeats**]

**gyre –** a circular motion
**falcon** – bird of prey

**anarchy** – lawlessness

**conviction** – a firm belief system

**revelation** – knowledge or information revealed by God

**vast –** huge, immense
**spiritus Mundi** – the spirit of the world

**reel –** sway in a circle
**indignant** – outraged, angry

**Bespreking van die gedig**

Die uitdrukking 'Die tweede koms' verwys na die Bybelse tweede koms van Christus. Dit was ŉ professie oor wat sal gebeur in ŉ tydperk van stygende geweld en onrus, en dat dit die eindtyd sal wees. In hierdie gedig stel die spreker die beeld voor van ŉ vreesagtige en barbaarse mitologiese figuur eerder as ŉ Christelike godheid. Geskryf kort na die Eerste Wêreldoorlog, verwys hierdie gedig na nog ŉ oorlog wat uit die eerste ontstaan.

In die eerste stanza sê die digter dat die valk vasgevang is in ŉ ewig groter wordende sirkel, en so het chaos die mensdom oorval. Dit word nie meer beheer deur ŉ sentrale mag nie. Goeie mense het nie meer geloof nie en slegte mense voel sterk oor hul oortuigings. Die mense verwag die tweede koms, maar in plek daarvan verbeel die verteller hom dat ŉ sphinx-agtige kreatuur, die Antichris, beweeg in die rigting van Bethlehem (waar Jesus gebore is) om dan in die wêreld gebore te word.

[Poem, Love Poem for My Country, A poetry anthology for Grade 12, Dorothy Dyer, Maskew Miller]

Kopiereg voorbehou 

**Sosiale en politieke drome**



Ephraim Ngatane, **Die Bruids-Prosessie**, 1962, olie op bord.




Patrick Cockyane, **Stop Apartheid Oorloë**, 1984.

**Opvoedkundige drome en ambisies ...**





Clarke, **Vir sommige lê die pad na opvoeding tussen die dorings,** Ngatane, **Jonger Broer**, 1959, olie op bord.



Tommy Motswai, **Gradeplegtigheid by Wits**, 1988, olie.

**Surrealisme …**

Volgens Andre Breton, is Surrealisme die kuns om kuns te skep vanuit die onderbewussyn. Dit berus in die glo van verhewe realiteit as dit kom by sekere vorms van assosiasie, in die alomteenwoordigheid van die **droom** en die ongeïnteresseerd dwaal van gedagte. Dit word grootliks geken aan die belangrikheid van die **droomwêreld,** eerder as die harde werklikheid van die alledaagse wêreld.

Met die verwysing van die volgende werke, bestudeer die werke met verwysing na Surrealisme wat in die realistiese en abstrakte takke van Surrealisme gereflekteer word.



Salvador Dali, **Die Versoeking van St. Anthony,** 1947, olie.

'Sint Anthony se versoeking deur die duiwel word geïnterpreteer deur die konfrontasie van die kragte in die onderbewussyn ...'



Rene Magritte, **Rooi Model,** 1935, olie.

"Skoene van die eienaar verander in die voete van die eienaar …" Is dit moontlik in die regte wêreld?

Kopiereg voorbehou 



Max Ernst, **Europa na die Reën**, 1942, olie.

"Ernst het 'n tegniek gebruik wat dieselfde as frottage deur die verf te versprei oor die doek en dit dan saam te pers terwyl dit nog nat is om 'n fantasie landskap te skep ..."



Juan Miro, **Die Karnaval van die Harlekyn,** 1924–25, olie.

*"Bisarre samestellings van insekagtige kreature speel, dans en maak musiek …"*

**Hou in gedagte, die ingevoegde prente mag nie gebruik word in beide AFDELING A en AFDELING B! Sou dit gebruik word moet dit heeltemal nuwe komposisies hê!**

**Nou moet jy op jou eie interpretasie van** die tema, **DROME reflekteer!**

**TOTAAL: 100**

## ADDENDUM

### AFDELING A: BRONBOEK

- **Daar is geen spesifieke riglyne vir grootte, formaat, uitleg en gevoel en voorkoms van die bronboek nie.**
- Die bronboek moet die proses van begin tot einde dokumenteer.
- Daar moet ŉ duidelike verband tussen die visuele/geskrewe inligting in die bronboek en kunswerk wees.

### AFDELING B: DIE KUNSWERK

Siende dat dit ŉ eksamen is, MAG DIE KANDIDAAT NIE DIE KUNSWERK UIT DIE EKSAMENLOKAAL VERWYDER NIE. Geen werk mag die eksamenlokaal verlaat nie.

Die kandidaat word aangemoedig om ŉ kunswerk te lewer in die medium wat hy/sy in sy graad 11 jaar ondersoek/beproef/gekies het.

ŉ suksesvolle kunswerk is ŉ kombinasie van konsep en realisasie. Klem moet op die estetiese kwaliteite en energie van die kunswerk gelê word.

Die kandidaat is vry om te kies watter styl hy mee in hy/sy deur die jaar geëksperimenteer het. Hierdie kan insluit naturalisme, ekspressionisme, gestileerd, abstrak, simbolies ens.

In alle digitale/multimedia/nuwe media werk, konsep ontwikkeling en realisasie moet ŉ belangrike rol speel.

### DONKER KAMER FOTOGRAFIE

- Produseer ŉ stel van ten minste 5 foto's wat verband hou.
- Die kandidaat moet al die ontwikkeling van die film en die negatiewe by die skool doen onder die toesig van sy onderwyser/toesighouer.
- Plaas al die kontakbladsye, toetsstrokies en waarnemings van die proses in die bronboek.
- Gee aandag en oorweging aan die voorlegging van die werk.

### DIGITALE FOTOGRAFIE

- Produseer ŉ stel van ten minste 5 foto's wat verband hou.
- Die digitale grootte moet ten minste ŉ A4 grootte wees.
- Plaas die digitale beelde op ŉ skyf (CD) en plaas die CD in die voorkant van die bronboek.
- Handig die bronboek in met ondersteunende inligting, saam met die finale kunswerke)
    - Program wat gebruik is bv. Adobe Photoshop 7
    - Alle digitale sagteware prosedures.
    - Hulpmiddels/nutsprogramme wat gebruik is om sy/haar beelde te manipuleer.
- Gee fyn aandag aan die voorlegging van die werk.

**ASSESSERINGSKRITERIA**

MERKERS SAL HIERDIE KRITERIA VIR ASSESSERING GEBRUIK.

**ONDERWERP 1: BRONBOEK/WERKBOEK/JOERNAAL**

| **KRITERIA** | | |
|---|---|---|
| Konsep-ontwikkeling | 10 | |
| Navorsing, ondersoek en eksperimentering | 15 | |
| Proses tekeninge | 15 | |
| Aanbieding en oorhoofse indruk | 10 | |
| **TOTAAL** | **50** | |

**ONDERWERP 2: DIE KUNSWERK**

| **KRITERIA** | | |
|---|---|---|
| Keuse en gebruik van materiale/tegnieke | 10 | |
| Gebruik van formele kunselemente | 10 | |
| Algehele indruk van die werk – oorspronklikheid, kreatiwiteit, innovering | 10 | |
| Interpretasie en praktiese implementering van navorsing | 10 | |
| Voltooiing en aanbieding van kunswerk | 10 | |
| **TOTAAL** | **50** | |
| **GROOTTOTAAL:** | **100** | |

**FINALE PUNT**: ONDERWERP 1 (**50**) + ONDERWERP 2 (**50**) = **100**

## ASSESSERINGSKRITERIA VIR PRAKTIESE WERK (VOO)

| | | |
|---|---|---|
| **Uitstaande** | 90–100% | Uitsonderlike vaardigheid, rykheid; insiggewende, hoë vaardigheid en kennis wat sterk uitgebeeld is; ondersteun deur ’n ongewone seleksie van relevante visuele verwysingsmateriaal. **Uitstaande en oorspronklike aanbieding.** |
| **Uitstekend** | 80–89% | Treffende impak, meeste van bostaande; detail; goed georganiseer en samehangend; afgewerk; vaardighede duidelik; ondersteun deur oorspronklike/ongewone/relevante visuele verwysingsmateriaal; aanbieding is oorspronklik en deurdink. **Klein foutjies word bespeur.** |
| **Baie goed** | 70–79% | Goed georganiseer, soos bogenoemde, maar die “glow” en “sparkle” ontbreek; goeie vlak van bevoegdheid en geselekteerde inhoud; ondersteun deur goeie seleksie/relevante visuele verwysing; duidelike sorg en poging aangewend om oorspronklike aanbieding te skep. **Aantal teenstrydighede en foute duidelik.** |
| **Goed** | 60–69% | Interessante visuele aanbieding; duidelike intensie; oortuigend; eenvoudige direkte gebruik van medium; toon verstaanbare maar neig ten tye tot stereotipiese reaksie; voldoende seleksie van relevante visuele verwysings; taamlike poging aangewend. **Verwarrende/ooglopende teenstrydighede.** |
| **Middelmatig** | 50–59% | Voldoende; voel meganies; afgelei of gekopieer; geringe insig; geen verbeelding; sommige visuele verwysings is nie altyd duidelik gedefinieer nie. Gemiddelde aanbieding. **Baie afleibare teenstrydighede**. |
| **Onder-gemiddeld** | 40–49% | Genoegsame materiaal/werke om deur te kom; nie logies gestruktureer nie; sommige insigbeelde; beperkte keuse van inligting; swak tegniese vaardighede kan bydraende faktor wees; karige gebruik van visuele inligting; lomp of nalatige aanbieding. **Benodig ondersteuning/motivering om te slaag.** |
| **Elementêr** | 30 – 39% | Visueel oninteressant; nie kreatief; beperkte/swak tegniese vaardighede gebruik; glad nie probeer om inligting op ’n aanvaarbare manier voor te stel nie; min of geen visuele inligting/verwysing; algemene tekort aan toewyding. **Benodig ondersteuning/motivering om te slaag.** |
| **Swak**<br>**Nie voldoende** | 20–29% | Baie min inligting; nie maklik om te besigtig nie; **baie min of irrelevante werk**/visuele inligting. Geen poging aangewend om werk op ’n aanvaarbare wyse aan te bied nie; algemene tekort aan toewyding/samewerking. |
| **Baie swak**<br>**Onvoldoende** | 0–19% | Onsamehangend; **irrelevant, baie min of geen werk**; afwesigheid van beperkte vaardighede toegepas. Geen toewyding/samewerking. |

Kopiereg voorbehou